

6 Januarie

**Skrifgedeelte: Matteus 5:17-48**  
**Fokusgedeelte: Matteus 5:27-30**

**Die sewende gebod beskerm teen 'n losbandige lewe**

Jesus het nie gekom om die wet af te skaf nie, maar om dit te vervul en sy volle betekenis te laat kry. Uit dankbaarheid gehoorsaam ons vandag nog die Tien Gebooe. Jesus laat die wet sy volle betekenis kry onder andere deur daarop te wys dat dit in die gehoorsaamheid aan die wet veral oor 'n hartsgesindheid gaan. Egbreuk, sê Jesus, word nie net met die daad van owerspel gepleeg nie. "Elkeen wat na 'n vrou (of 'n man) kyk en haar (of hom) begeer, het reeds in sy hart met haar (of hom) egbreuk gepleeg." Sonde kom vanuit 'n verkeerde hartsgesindheid en kan daarom ook in die hart gepleeg word.

Die oplossing is om jou lewe só in te rig dat jy alles wat jou tot sonde kan verlei uit jou lewe verwyder. Vermy dinge en plekke en mense en situasies wat jou selfs net in jou gedagtes kan laat sondig. Werk daaraan en bid daarvoor dat jy die regte hartsgesindheid sal hê.

Vigs is een van die verskriklike gevolge van 'n verkeerde hartsgesindheid. Anders as wat die wêreld propageer, is die oplossing vir die vernietigende gevolge van Vigs nie sogenaamde veilige bandeloosheid nie, maar gehoorsaamheid aan die wet van God, asook gehoorsaamheid aan die sewende gebod soos wat Jesus ons dit hier leer. Alleen binne die huwelik, alleen binne die veilige raamwerk van die Tien Gebooe is die seksuele nie 'n vernietigende monster nie, maar 'n gawe van God!

*Sing: Psalm 128:1,2*

*Ds HPM van Rhyn (Wilropark)*